# LAERSKOOL

# HENDRIK LOUW

# BELEID:

# CCTV

*Hersien: Augustus 2024*

**BELEID: GESLOTE KRING KAMERAS (CCTV)**

1. Inleiding

- Hierdie dokument dien as die *beleid op geslote kring kameras van Laerskool Hendrik Louw*, soos goedgekeur deur die Skool Beheerliggaam (hierna verwys as SBL).

- Die beleid is saamgestel in ooreenstemming met die toepaslike afdelings van die Grondwet van die Republiek van Suid -Afrika, 1996; die Suid Afrikaanse Skole wet 84 van 1996 ("SASA"), die regulasies van Veiligheidmaatreëls by openbare Skole (Staatskoerant 22754/2001: kennisgewing 1040), en enige ander toepaslike wetgewing. In terme van die Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole, word Laerskool Hendrik Louw as 'n geweld- en dwelmvry skool verklaar.

- Die beleid se doel is om praktiese uitvoering te gee aanhierdie verklaring en om die skool se personeel, leerders en besoekers se welstand te beskerm.

- Die beleid is opgestel om 'n gesonde skoolatmosfeer te skep, wat noodsaaklik vir uitnemende onderrig is. Dus dien hierdie beleid om die CCTV stelsels so te bestuur dat dit nie inbreuk maak op die regte van die skool se leerders, personeel, ouers en besoekers nie.

- Die beleid mag van tyd tot tyd aangepas en hersien word indien nodig.

- In terme van artikel 20(1)(g) van SASA, moet die SBL die skooleiendom kontroleer en administreer, insluitende die geboue en gronde. Administrasie en kontrole sluit ook die instel en installering van sekuriteitsmaatreëls, soos 'n CCTV-sisteem, in.

- Paragraaf 5(1)(a) van die Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole, bepaal dat die Skoolhoof/ persone aangestel deur die Skoolhoof, – onderworpe aan die Grondwet, ander wetgewing, asook Nasionale en Provinsiale beleide- stappe mag neem soos wat hy nodig vind, vir die beskerming van die persone op die terrein. Paragraaf 9(5) van die Regulasies stipuleer ook dat Openbare Skole, aksieplanne moet ontwikkel om moontlike bedreigings van geweld wat 'n negatiewe impak op die skool kan hê, moet voorkom.

2. Die term 'Openbare Skoolterrein' sluit die volgende in:

- enige gebou, struktuur, saal, kamer, kantoor, ontspanningsarea, grond of ingeslote area wat onder beheer is van die Skool en waartoe die publiek toegang kan hê, of gewoonlik toegelaat word/mag toegelaat word.

- Die 'Skoolhoof' beteken die skoolhoof van die skool wat optree met die gesag van die SBL.

- Ander terme wat in hierdie beleid voorkom, sal geïnterpreteer word in ooreenstemming met die bedoeling/betekenis daarvan, soos vervat in SASA.

3. Doel van die beleid

3.1 Die doel van die beleid is om die gebruik van die CCTV-stelsel in die monitoring van die openbare skoolterrein te reguleer.

3.2 Die kameras word hoofsaaklik geïnstalleer om enige vorm van ontoepaslike, ongedissiplineerde gedrag so ver as moontlik, te voorkom; om die lewenskwaliteit van alle persone geassosieer met Laerskool Hendrik Louw te verbeter, aangesien geen vorm van bedreiging onder enige omstandighede, teen enige persoon. persone of eiendom toegelaat sal word nie.

3.3 Bykomend tot bg, is die doel van die beleid verder om:

a) enige vorm van teistering van enige persoon/persone) te voorkom, of om teistering op 'n betekenisvolle manier op te los deur korrektiewe aksie te neem teen enige oortreder(s);

b) om enige vorm van ongewenste en/of openbare wangedrag te voorkom of te ondersoek op 'n betekenisvolle manier en op te los deur deur korrektiewe aksie teen die oortreder(s).

c) die Skoolhoof/adjunkhoofde / gedelegeerdes in staat te stel om so gou as moontlik enige vorm van ongedissiplineerde en/of, ongewenste en/of teisterende gedrag, of ander potensiële noodgevalle waar te neem en aksie te neem.

Hierdie beleid is van toepassing op alle personeellede, leerders en ouers, sowel as besoekers aan Laerskool Hendrik Louw. Enige persone wat te enige tyd die skoolterrein betree, stem in by toetrede, om hierdie beleid te eerbiedig.

4. Kamerabeheer en -kontrole

4.1 Die kameras sal deur die adjunkhoofd(e), of 'n amptelike gedelegeerde persoon, in oorlegpleging en samewerking met die SBL, gekontroleer word.

4.2 Die adjunkhoofd(e) of gedelegeerde het direkte beheer oor die kameras.

4.3 Die kameras, versamelde beeldmateriaal en die kopiereg van enige beeldmateriaal, bly die eiendom van die skool te alle tye.

4.4 Enige insident wat deur die adjunkhoofde/of gedelegeerdes opgemerk/nagespoor word, en wat prima facie kriminele gedrag aandui, sal aan die Suid Afrikaanse Polisie of ander toepaslike wettoepassende instansie, oorhandig word vir verdere ondersoek.

4.5 Die kameras sal op 'n manier aangewend word wat die privaatheid van alle individue sover as moontlik, beskerm.

4.6 Die kameras sal sover as moontlik permanent operasioneel wees.

4.7 Die skool sal, sover as wat prakties moontlik is, 'n behoorlike onderhoudsprogram vir die kameras daarstel.

4.8 Die monitering van die terrein sal op 'n professionele, etiese en wettige manier geskied, en vir geen ander redes as dié wat in die beleid uiteengesit is nie.

4.9 Die kameras mag nie aangewend word om teen enige persone op grond van ras, geslag, seksuele voorkeur of gebrek op enige manier, te diskrimineer nie.

5. Kamera beheerstelsel

5.1 Die CCTV-stelses sluit tans kameras in, wat op strategiese plekke op die skoolterrein aangebring is.

5.2 Die kamera beheersentrum is in 'n sentrale, veilige kamer in die skool.

5.3 Beeldmateriaal kan volgens die verskaffers van die kameras gestoor word.

5.4 Sou dit nodig word, sal die beeldmateriaal op 'n alternatiewe manier gestoor word, soos op 'n sentrale hardeskyf of geheuebank.

6. Ligging van die kameras

- Kameras sal nie op enige plek geïnstalleer word waar enige persone se privaatheid geskend kan word nie.

- In kleedkamers,sal kameras so geposisioneer word dat toilette of urinale nie verfilm kan word nie.

7. Kennisgewings

Kennisgewings wat aandui dat die skool gebruik maak van CCTV-stelsels, sal aangebring word by die ingange van die skool.

8. Toegang tot data

Toegang tot en inspeksie van die beeldmateriaal sal as volg gedoen word:

8.1 Onderworpe aan die stipulasies hieronder, sal die beeldmateriaal beskikbaar gestel word aan persone en/of instansies wie se belange of regte, direk geaffekteer is/mag geaffekteer word.

8.2 Geen ander persone/instansies, behalwe die genoem in 9.1, sal toegang of toestemming kry om die beeldmateriaal te besigtig nie.

8.3 Persone/instansies moet skriftelik aansoek doen by die Skoolhoof/SBL-voorsitter vir toestemming om beeldmateriaal te besigtig, deur 'n e-pos te stuur aan: sbl@hendriklouw.com.

Die e-posversoek sal die volgende insluit:

a) Volledige persoonlike inligting
b) 'n Volledige motivering, waarin redes vir die nodige beeldmateriaal se besigtiging aangeduit word, spesifieke inligting rondom die insidente (moontlike insidente) met 'n beskrywing daarvan, asook die area, sowel as die tyd, wanneer dit plaasgevind het.
c) watter persoon/persone se regte deur besigtiging hiervan, beskerm sal word.

8.4 Die skoolhoof/ of alternatiewelik, die adjunkhoofde/ gedelegeerde, sal die aansoek oorweeg in oorlegpleging met die SBL en die stipulasies soos uiteengesit in hierdie beleid.

8.5 Indien die aansoek goedgekeur word, sal die aansoekers, aan wie toestemming verleen is, die spesifieke beeldmateriaal slegs gedurende skoolure kan besigtig in die kantore van die adjunkhoofde, en slegs in die teenwoordigheid van die adjunkhoofde, of enige ander persone, soos goedgekeur deur die Skoolhoof, wat 'n belang daarby mag hê, tensy die aansoeker skriftelik en met 'n grondige rede, daarteen beswaar maak.

8.6 Enige persone wat toegang verkry of poog om toegang te kry tot die opnames in teenstelling met die bepalings van hierdie beleid, of wat dit publiseer of 'n poging aanwend om dit te publiseer, of wat inmeng of peuter met die kameras of opnames sonder die wete van die skoolhoof of adjunkhoofde, sal hulself blootstel aan dissiplinêre aksie en/of ander kriminele/siviele vervolging.

8.7 'n Behoorlike rekord van alle aansoeke om beeldmateriaal te besigtig wat ontvang word deur die skool, sal bygehou word deur die administratiewe personeel.

8.8 Enige opnames kan as getuienis/bewyse gebruik word teen enige ander persoon gedurende verrigtinge binne die skoolkonteks, met geen bewys van egtheid wat benodig sal word nie. M.a.w., enige opnames sal as korrek en onweerlegbaar aanvaar word.

9. Onwettige gebruik

Enige persoon wat vermoed dat die sisteem vir enige ander doel as waarvoor gestipuleer is in hierdie beleid, gebruik word, moet 'n amptelike klag by die Skoolhoof of SBL indien.

GETEKEN TE LAERSKOOL HENDRIK LOUW, STRAND OP HIERDIE 23ste DAG VAN FEBRUARIE 2026.

____________________ ____________________

Beheerliggaamvoorsitter Skoolhoof